# 'n Pastorale ontsluiting van Johannes 11: 'n begeleidingsnarratief

J. Steyn
Praktiese Teologie
Universiteit van die Vrystaat
BLOEMFONTEIN
E-pos: steynj.hum@mail.uovs.ac.za

## Abstract

### A pastoral interpretation of John 11: a guidance narrative

*A biblical narrative can provide guidelines to the terminal patient on his/her journey of life. Scripture might not only mirror the narrative of the patient but also provide the key to a deeper understanding of the process of guidance. The narrative of Lazarus from John 11 in this article provides the narrative framework for the unfolding of the process of guidance of a terminal patient. The article illustrates that the pastoral therapist cannot provide clear-cut answers to the patient's questions in view of the fact that our knowledge is incomplete (1 Col. 13:10). The therapist is but a humble representative of Christ our Lord, our Saviour in life and life hereafter. The narrative from Scripture anew portrayed the focus to be on Christ as the conclusive answer to our narratives in fusion. The life/Life gained for us by Christ our Lord in the end proved to be the only source and perspective of hope and "healing" to the terminal patient.*

## Opsomming

### 'n Pastorale ontsluiting van Johannes 11: 'n begeleidings-narratief

*'n Bybelse narratief bied aan die terminale pasiënt riglyne op sy/haar lewenspad. Die Skrif kan ook die sleutel wees waarvolgens begeleiding dieper sin verkry. In hierdie artikel word die narratief van Lasarus in Johannes 11 gebruik om die ontvouing van die begeleidingsproses aan 'n terminale pasiënt uit te beeld. Uit die artikel is dit duidelik dat 'n pastorale terapeut nie klinkklare antwoorde op vrae van die pasiënt kan bied nie, omdat ons maar "ten dele ken" (1 Kor. 13:10). Christus, ons*

*enigste hoop in lewe/Lewe en sterwe, bly die finale antwoord. Dié verhalestudie het weer opnuut die fokus op Christus as die finale antwoord en ontsluiting van ons samehangende verhale geplaas. Die lewe/Lewe wat Christus vir ons verwerf het, is en bly elke terminale pasiënt se enigste bron van sin en "heling". Slegs hierdie hoop kan perspektief aan die pasiënt bied.*

## 1. Inleiding

Johannes het met die narratiewe aanpak in sy Evangelie ten doel om aan die leser te openbaar wié Jesus is. In Lasarus se verhaal kry ons 'n blik op Jesus as Leidsman op die reis na sy openbaring as Oorwinnaar oor die dood. Vir Johannes is dit belangrik om die reaksies van Jesus se medereisigers Marta, Maria, die Jode en die dissipels op te teken. Sy begeleides of medereisigers word noodwendig ook gekonfronteer met omstandighede en hulle reageer as gelowiges of nie-gelowiges. Met die karakteropenbaring van elkeen, kom die implisiete vraag na vore: Met wie kan jy jouself identifiseer?

Met 'n "pastorale ontsluiting" van hierdie artikel word bedoel dat die verhaal van Lasarus uit die hoek van die sosiale, emosionele en geestelike optrede van die rolspelers hermeneuties uitgepak word. Die rolspelers bly nie slegs die karakters in Johannes 11 nie, maar word narratiewe van die pasiënt, omstanders van die pasiënt, die begeleier en ook die leser. Sodoende kry verhale nuwe betekenis en bewerkstellig heling op die pad van die lewe na die Lewe.

## 2. Motivering

In die bediening van die pastorale terapeut gebeur dit dat 'n terminale pasiënt op sy/haar lewensweg begelei word teen die agtergrond van ervarings met pasiënte in soortgelyke omstandighede. Indien so 'n pasiënt dan nie "inpas" in so 'n "patroon" nie, besef die terapeut dat patroondenke in die begeleidingsproses die unieke geskapenheid en belewings van elke mens negeer. Die terapeut word gedwing om skerp te luister na die pasiënt en die Heilige Gees (Labuscagne, 2006:1). Wat in teorie algemeen geldend blyk te wees, is in die werklike lewe nie die enigste geldende manier van verstaan nie. Griffith en Griffith (2002:84) stel dit so: "To a great extent we are lived by [our] stories."

Die toepasbaarheid van een belewenis na ander pasiënte is daarom nie sonder meer moontlik nie. 'n Verhaal bou op na die "uitsif" van unieke, goue oomblikke en die "oorskryf" van 'n alternatiewe storie.

Die sensitiwiteit van die begeleier word verskerp tot ’n biddende luister om (teologiese) betrokkenheid op die lewensreis (Müller, 1996:24) te verseker.

Pastorale betrokkenheid en verbintenis tot ’n “promissioterapie” (Louw, 1998:6, 440) het met hierdie verhalestudie opnuut die uniekheid van elke mens na vore gebring en ook die unieke wyse waarop die Here met elke mens werk. Die verbinding van verhale, naamlik die terapeut se verhaal, die verhaal van die pasiënt en God se verbondsverhaal met die mens, het in begeleidingsmomente saamgesmelt.

## 3. Begripsomskrywing en metode

Die artikel volg die aanwending van die pastoraal narratiewe metodes van Henk van der Meulen in *De pastor als reisgenoot* (2004) na. Van der Meulen (2004:50-79) gebruik die reis van die Emmausgangers as *inspiratiebron* en vergelyking om Christus as Reisiger, ’n depressielyer as reisgenoot en ’n terapeut as begeleier op die pad na “Jerusalem” te verhaal.

Die Lasarusverhaal vorm die inspirasiebron (of metafoor) wat helend inwerk op ’n kankerlyer (Marieta) se lewe. Sy sien haarself soms in die voetspoor van ’n Marta, dan weer ’n Maria en ook ’n Lasarus. Die begeleier (terapeut) daarenteen bly slegs die medereisiger, instrument (van die Gees) en fasiliteerder. Dit blyk duidelik uit die aanwending van enige vergelyking of simboliese narratief dat waninterpretasies kan voorkom vanweë menslike *meros/meìromaì* (1 Kor. 13:9).

Gerkin (1991:16) verwys na ’n *metafoor* as ’n *analogie*, ’n *simbool* of *vergelyking*. Dit is vir hom nie vreemd om ’n lewensverhaal uit die Bybel as analoog aan ’n menslike verhaal te gebruik nie. Hy stel verder dat die Christen deur die eeue sy/haar lewe leef volgens God se narratief of die *primal narrative*, maar vergeet dikwels dat so ’n narratief ’n lewe saam met Christus (1 Tes. 5:10) moet vertoon. Ook Zuideest (1985) en Veltkamp (1988) wil die raakpunte en versmeltings van Bybelse verhale en ons eie verhale aantoon.

Rebel (1981:219-225) se pneumatologiese uitgangspunt in die pastoraat bied die grondmotief vir die artikel. Volgens die Pneumatologie is die Heilige Gees dié Begeleier (*Parakletos* – Joh. 14:15-27) in die mens se lewe. (Die woord *begeleier* verteenwoordig maar een verklaring in Afrikaans van die woord *Parakletos.*) Enkele van die eienskappe van die Gees, soos onderskryf deur ’n

pneumatologiese uitgangspunt en wat in die artikel na vore kom, is die volgende: Hy lei ons tot heling deur begeleiers op ons pad in te skakel in sy heilswerk (Jes. 61:1); Hy maak aan ons bekend dat Christus die versoenende en altyd teenwoordige betekenis van hoop in ons lewens is (2 Kor. 5:18); Hy bou kommunikasiebrûe tussen ons en God "met onuitspreeklike versugtinge" (Rom. 8:26); verder hou Hy ook *koinonia* in stand. Louw (1998:446) stel laasgenoemde soos volg:

> Koinonia expresses Christian agapé. The empathy and sympathy of agapé empowers believers to discover that koinonia forms a support system which has a therapeutic effect and generates hope.

Vanuit bogenoemde beredenering kan die gevolgtrekking gemaak word dat Christelike hoop en heling intrinsiek verweef is. Heling verwys nie (net) na fisiese heling nie, maar ook na emosionele, sosiale en geestelike heling. Dit is 'n heling wat skanse tussen mens en God afbreek en bevryding bring. Die fundamentele elemente: heling en hoop, bied in die pastoraal terapeutiese situasie die sleutels waarmee 'n persoon geestelik groei na God toe. Die sleutels is slegs in Jesus Christus ontsluitbaar (Openb. 3:7).

Die gebedsterapie (*Theophostic Ministry*) van Smith (2000), soos ondersteun deur Payne (2004) en Labuscagne (2006), is integraal deel van 'n pneumatologiese werkswyse. Die kern van hierdie metode is dat Christus ons Lig is, ons Leidsman, Begeleier en Gees, wat kerugmaties "deurbreek" tot die pastorale begeleier en die pasiënt. Sodoende word die begeleiding 'n groeiverhaal, wat soos met die geestelike groei van karakters in Johannes 11, 'n verstommende teenwoordigheid (*presence* – Payne, 2004:25) vergestalt.

Vir Van der Meulen (2004:83) en Heitink (1977:138) is pastorale begeleiding (*guiding)* die grondfunksie van die pastoraat. Volgens Van der Meulen kan pastorale begeleiding gedefinieer word as

> de leiding die van een pastorale relatie kan uitgaan, waardoor mensen zich gesteund weten om op grond van hun levensovertuiging keuzen te maken en beslissingen te nemen en so te groeien in zelfstandig geestelijk functionere.

Die "*teodisee"*-vraag teister elke mens in lyding (Ps. 42:5). In die verhaal van Lasarus word bipolariteit (Louw, 1998:64-65) tussen goddelike heil en die menslike werklikheid opgehef tot 'n eenwording van sin en heling vir die hede en die toekoms. Die woord

*lewensbegeleiding* teenoor *sterwensbegeleiding* hef 'n verdere bipolariteit op en beklemtoon 'n element van heling en verlossingshoop.

'n Pastoraal narratiewe paradigma (Lester, 1995:40) vorm in hierdie artikel die raamwerk waarbinne die verhale afspeel. Vir die hermeneutiese uitpak hiervan word Lasarus en Marieta se verlede- en hedeverhale ter aanvang in konteks geplaas. Daarna word bepaalde verdiepende insigte uit die verhale na vore gebring en word aangedui hoe die verlede- en hedeverhale versmelt. Laastens word die toekomsverhaal ingeklee en hoofperspektiewe uitgelig.

## 4. Verlede- en hedeverhaal in konteks

Snackenburg (1980:321) beskryf die konteks as *setting the scene.* Müller (1996:16) verklaar dat daar twee maniere is om die konteks van 'n verhaal te verstaan, naamlik die "hermeneutiese paradigma", waar die "verstaan binne die konteks van die geheel" beklemtoon word. Die "eko-hermeneutiese paradigma" beklemtoon daarteenoor weer die "betekenis van die geheelkonsep binne verskeie kontekste". Met die verlede- en hedeverhale in konteks, word die hermeneutiese en eko-hermeneutiese aanpak gesamentlik verbeeld.

Johannes verpak die narratief in Johannes 11 in 'n bepaalde struktuur, rolvertolking, perspektiewe en uitkomste. Hoewel die gebeurtenis bekendstaan as die verhaal van Lasarus, bied laasgenoemde se siekte slegs die milieu of raam, waarin die wonderverhaal afspeel. Die rol van Lasarus, deur Johannes se pen, is volgens Müller (2001:115) emosieloos; selfs wanneer hy na vier dae uit die graf opstaan (Joh. 11:44) word hy 'n spraaklose of stil getuienis van Jesus se wonderwerk.

Johannes se verhale word volgens Botha (1991:3) tematies in sy Evangelie aangebied. Hiervan is die wonderwerke in die eerste elf hoofstukke 'n voorbeeld: dit begin met 'n aardse fees – die bruilofswonder (Joh. 2:11). Daarna bou verdere wonders op tot die hoogtepunt in hoofstuk 11, die "lewenswonder": die opwekking van Lasarus uit die dood. Phillips (1989:208) en Müller, (2001:115) kontrasteer die fees van die bruilof met die hartseer van die begrafnis. As daar egter op Jesus se wonders gekonsentreer word, is dit van bruilofswonder tot lewenswonder, en nie tot hartseer nie. Dié wonder is 'n voorbereiding vir Jesus se eie opstanding uit die dood. Moloney (2003:517) beskryf hierdie perspektief soos volg:

"The narrative is designed to lead the reader away from mourning and weeping toward faith in Jesus as the resurrection and the life."

> Ek leer Marieta ken in 2003 as 'n lewende Christen wat haar profetiese taak as geroepene uitleef en haar dissipelskap met erns opneem. Tydens Bybelstudies waarin sy die leiding neem, word ek bewus van haar gawe om dadelik te weet waar 'n Skrifgedeelte gevind kan word. Ons gesprekke handel oor ons profetiese taak as gelowiges en sy vertel van die sentrale visioen van haar lewe: Ek staan op 'n berg en ek sien die sand van die see (die Here se volk). Dan is ek weer in die laagte en ek kry meteens baie koud, so koud dat dit voel asof ek nooit weer warm gaan word nie (so koud en liefdeloos soos mense wat hulle nie tot Hom bekeer nie). Sy vertel verder dat sy weet die Here gebruik haar om onder verskeie volke, nasies en tale te werk.
>
> Ek verneem dat Marieta vyf jaar gelede gediagnoseer is met maligne karsinoom, enkele maande voor haar troue met Gert. Sy beleef in daardie tydperk 'n worsteling met God wat haar tot die wete bring dat sy moet gaan vir die behandeling, want die Here stuur haar. Reeds voor hulle troue staan Gert haar deur behandelings by. Sy het die verlowing verbreek toe sy uitgevind het dat daar 'n ingrypende operasie moes plaasvind. Vir haar verloofde is die huwelik egter net uitgestel. "Dink net," lag sy, "hy kry toe 'n uitgeteerde bruid as huweliksgeskenk!"

## 5. Verdieping van die verhale

'n Verdieping van die verhale beteken dat die karakters in die verhaal hulself "ontbloot" deur dialoog en optrede. Dit bring 'n verdieping in die verhaal wat noodwendig ook hermeneutiese verdieping bring. Die bedoeling van 'n narratief in pastorale begeleiding kan nooit alles verklaar nie, maar slegs probeer raaksien (deursien) wat die Gees openbaar. Griffith en Griffith (2002:109, 110) stel dit soos volg: "Conversations between a person and his or her God, and conversations among members of a spiritual community, are each important and reflect different sectors of spiritual experience."

Vir kommentators is dit vreemd dat Johannes na die aankondiging (Joh. 11:1) van Lasarus se siekte in vers 2 verduidelik wie Maria is. Hy gryp met dié aankondiging na die toekoms (Joh. 12:1-11) – sy is die een wat die Here se voete gesalf het en met haar hare afgedroog het. Hoewel Schnackenburg (1980:322) meen dat vers 2 moontlik later bygevoeg is en nie Johannes se eie toevoeging is nie,

beskou Phillips (1989:208) dié vers as ’n verdere verduideliking van watter Maria dit is, miskien omdat die naam Maria algemeen was.

> Op 21 Mei 2005 is Marieta ’n tweede keer met kanker gediagnoseer – hierdie keer in die lewer. Medici maak ’n beraming dat sy drie maande kan leef. Met ’n besoek aan haar, reeds nadat die drie maandetydperk verstryk het, ontstel haar pyn en lyding my en ek vra of sy verlang om eerder by die Here te wees. Haar antwoord was ’n verwysing na Lasarus se twee susters, Marta en Maria, wat nie kon glo dat hy sal lewe nie. ‘Het jy geweet,’ vervolg sy, ‘ek is Marta Maria gedoop?’ Ek verstom my oor die wonder van voorbereiding deur die Gees, dit was net die vorige week wat ek Johannes 11 diepgaande bestudeer het.
>
> Wat my tref as die uniekheid van haar verhaal, is haar geloofsvolwassenheid (*eusebeia*): volkome toewyding, oorgawe, godsvrug (Ef. 4:13) en ’n vergenoegdheid in/met haar situasie. Ek het gekom om Jesus se teenwoordigheid en liefde in haar lewe te versterk, maar sy versterk my. In ons gebed saam, salf sy my met die seënende teenwoordigheid van Christus deur Sy Gees uit Jesaja 11:2.
>
> Op ’n vraag aan haar of sy nie daarna verlang om eerder by die Here te wees nie, val sy my dadelik in die rede: ‘Ek gaan leef. My werk vir die Here is nog nie klaar nie.’
>
> Vanweë die terminale aard van die karsinoom en die verklaring van die matrone by onkologie dat ‘Marieta besig is om onder ons uit te glip,’ het dit myself tot ernstige nadenke en gebed gestem. Is Marieta besig om op ’n spesiale manier haar siekte te verwerk; is hier ’n wonderwerk besig om voor my/ons oë te gebeur; of wil ek probeer verklaar wat slegs by God moontlik is?
>
> Ek het weer gaan lees in die Woord oor siekte en wanneer God genesing bring. Ek bestudeer weer die verlengeng van Hiskia se lewe met vyftien jaar. Vyftien jaar ‘wat maar liewer nie moes gewees het nie’, onthou ek Marieta se woorde tydens ’n Bybelstudie. Ek kom weer onder die indruk van die individuele aard van verskeie Bybelse narratiewe – ook Lasarus se verhaal.

In Johannes 11:3 kom die oproep van die twee susters dat Jesus moet terugkeer. Johannes verwys hier na die “ideale verhouding” wat daar tussen Lasarus, sy susters en Jesus was.

Dit blyk asof Maria en Marta 'n sterk appèl op Jesus se gevoelens wou maak. Om dit sterker te stel, 'n beskuldigende boodskap: "… hy vir wie U liefhet ..." is nou siek. Saam met hierdie woorde kan 'n skare gelowiges se opstand, volgens 'n uitleg van Labuscagne (2005), gehoor word: "Hy vir wie U lief is ... het kanker. Hy vir wie U lief is ... is dood."

Die reaksie van Jesus (Joh. 11:4) bring elke begeleier by die wyehoeklens waarmee God na ons as mense kyk en dit bring terselfdertyd hoop. Dit gaan oor God se openbaring – Christus se verheerliking. Johannes herhaal dat Jesus dié gesin liefgehad het (*agapé).*

> Marieta verduidelik dat Johannes 11:4 vir haar beteken dat Jesus ons oneindig lief het, dat geen mens se siekte die dood as doel het nie, maar wel die Lewe. Sy gaan verder: 'Weet jy hoeveel mense juis hierdie vers aan my vir bemoediging gestuur het? Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie ...' God het aan my die verdere betekenis laat sien: 'Hierdie siekte [moet lei] tot die openbaring van die mag van God sodat Sy Seun daardeur verheerlik kan word.' Weet jy, ons mense verheerlik nie meer vir God soos wat dit moet gebeur nie. Ons moet weer op ons aangesig voor Hom val. Ons moet eerbied hê vir God, ons het dit nie meer nie. Verder, ons moet Hom verheerlik vir Sy grootheid, mag en majesteit – ons verstaan nie werklik hoe groot God is nie!

Jesus word in die kollig geplaas – die een wat die Lewe (gaan) gee en binnekort self die verpersoonliking van Lewe ná die opstanding uit die graf, gaan wees.

Müller (2001:116) stel dat Jesus nie net gekom het om "salf aan die wonde te smeer" nie, "maar om vensters van hoop oop te maak". Vir elke persoon beteken hoop in sy/haar omstandighede iets anders. As die persoon beleef dat die Here hom/haar straf deur siekte, beteken vergifnis 'n hoop op "gesondmaking". Dit is die taak van die pastorale begeleier om nie net sodanige hoop te versterk nie, maar 'n alternatiewe hoop in lewensbegeleiding te bied – in hoop na die Lewe.

'n Terminale pasiënt is dikwels 'n gevangene in sy/haar *problem saturated story* (White & Epston, 1990:14), wat meebring dat hy/sy geen hoop meer het om voor te lewe nie. 'n Droomverhaal of alternatiewe verhaal kan uit "unieke uitkomste" (White & Epston, 1990:15) ontwikkel en bring 'n nuwe dimensie van sin en heling na vore. Die uitpak van 'n Bybelse verhaal in 'n poging om 'n

verhalestudie daarteen te spieël, dra by tot die fasilitering van ’n nuwe verhaal (Van den Berg, 1998:9).

Terminale pasiënte kan uit Johannes 11:4a moontlik verstaan dat daar ’n “gaping” in hul eie lewens is. Hulle gryp dan vooruit na ’n wonder van God, ’n gesondmaking van die siekte. “Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie” mag ’n genesingswonder inhou. Die bedoeling van dié vers is egter anders. Daar ís mense wat fisies wonderbaarlik genees, maar daar is ook mense wat nié fisies genees nie. Tog word die Seun in albei gevalle verheerlik. Soms is die vasklou aan Johannes 11:4a, deel van die pad van aanvaarding van die siekte, andersins is dit ’n manier om die siekte te hanteer.

> Met ’n besoek aan Marieta aan huis in September, nadat daar merkbare agteruitgang was, wys sy aan my ’n dagboek vir 2006 wat sy as geskenk van ’n vriendin ontvang het. Dié vriendin se woorde was: ‘Hierdie dagboek gaan jy vol skryf met afsprake in die nuwe jaar – afsprake om te getuig van jou wonderbaarlike genesing!’ ‘En weet jy, toe ek die dagboek oopmaak, waar val hy oop? By die tydstabel van oorsese lande.’ Terwyl ek nog daar sit kom ’n ander vriendin ingestap en begroet Marieta met dié woorde: ‘Ek loop nou net uit die afdelingswinkel uit en dadelik kom die idee by my op – ek moet vir Marieta gaan kuier want sy gaan soveel afsprake hê volgende jaar, dat ek haar nooit gaan sien nie!’
>
> Marieta kyk na my, en ek weet sy dink ook aan die bevestiging van die belofte, deur twee of drie (2 Kor. 13:1) – ’n Skrifgedeelte waaroor ons so pas gesels het. Ek sien voor my hoe Marieta besig is om haar alternatiewe of droomverhaal te skryf: ’n storie oor heling of Lewe?
>
> Tog sit ek en wonder oor die ‘onvanpaste’ opmerkings wat gelowiges soms uiter rondom ’n siekbed. Ek roep weer die ‘hopelose’ geval van ’n jong terminale pasiënt in herinnering wat Yancey (1990:16-19) in sy boek *Where is God when it hurts?*, beskryf. Hierdie pasiënt uiter die volgende woorde na ’n wonderwerk van genesing: ‘My religious friends were the most depressing, irritating part of the entire experience.’
>
> Die worsteling sny dieper in my; ’n worsteling van vashou aan ’n ‘aardse interpretasie’ van waarlik gesondword vir hierdie lewe, en ’n ‘hemelse interpretasie’ – hierdie lewe word Lewe by Hom. Dit bring die verdere bewustheid van die vraagstuk na vore: hoe hanteer ’n begeleier ’n pasiënt wat ’n Bybelse bedoeling anders interpreteer en daarby verder versterking van sodanige perspektief van omstanders kry? Die narratiewe benadering wys weg van ’n direktiewe hantering

> om eerder 'n vraagstellende en empatiese sensitiwiteit te reflekteer. Of, moet die 'dooiepunt' juis aangewend word as 'n unieke uitkoms, om sodoende 'n alternatiewe storie te skryf? (Parry & Doan, 1994: 14, 59-60, 155).

Heling moet dieper verstaan word, dit lê ook op die vlak van aanvaarding, belydenis en 'n geestelike verhouding met God. Die pastorale narratief bied nie net die horisontale en vertikale lyne (met een kruispunt) van 'n verhaal nie, maar ook die diepte- en hoogtelyne (Müller, 1996:85). 'n Dieptelyn bied aan die terminale pasiënt 'n geloofsbaken wat aan Christus self geanker word (Matt. 16:18; Rom. 9:33) en die toets van die tyd deurstaan om in die hantering van siekte en terminaliteit 'n anker te bly. Heling beteken verder 'n verlossing en vrede (vergenoegdheid) oor die aardse verdorwenheid. Dit beteken dat nie net sondes waaraan elkeen van ons skuldig is, "vernietig" word nie, maar ook verdorwenheid waaraan ons "onskuldig" is, maar tog daardeur ly (byvoorbeeld siektes).

Christus se belofte: "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld", saam met sy opdrag in Matteus (28:20) verduidelik die opdrag van "by wees" of "daar wees" as verteenwoordiger van Christus. Gerkin (1991:106) verklaar dat die tema van God se teenwoordigheid as metafoor regdeur die Bybelse geskiedenis aangetref word. Groopman (2004:64) verwys reeds in die titel van sy artikel: "*God at the bedside"*, dat God sy teenwoordigheid waarborg by die mens in lyding en onsekerheid. Die pastorale versorger se *inkarnasie* en opdrag, volgens Jesaja 61:1 en ook 2 Korintiërs 1:3-4, voltooi die prentjie van die biddende verteenwoordiger van God by die siekbed.

Die *Theophostic* gebedsbediening praktiseer dié belofte deur te stel dat die Begeleier wat 'n nuwe ervaring meebring, die Gees van Christus is. God se teenwoordigheid word deur die pasiënt/begeleier in gebed ervaar wanneer direk daarom gevra word (Labuscagne, 2006:25-26).

Volgens Johannes 11:21 gaan Marta Jesus beskuldigend tegemoet: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie" en voeg dan dadelik daaraan toe dat sy glo dat Jesus wonders kan doen, want enigiets wat Hy van God vra, sal gegee word.

Maria reageer met dieselfde beskuldigende woorde as haar suster. Labuscagne (2005) stel in sy Skrifverklaring dat dit lyk asof God se liefde, sy teenwoordigheid en ons lyding onversoenbaar is. Dit lyk

asof dinge net nie wil klop nie, die *teodisee*-vraag dryf ons weg van God af. Een rede daarvoor is dat dit met ander so goed gaan (Ps. 73) by wie Jesus "betyds opdaag" en waar Jesus 'n wonderwerk gedoen het (die blinde man van Joh. 9).

Dit lyk asof Marta nie luister of verstaan wat Jesus sê nie. Jesus korrigeer (Joh. 11:23) haar beskouing oor die opstanding, deur te sê dat Lasarus sál opstaan. Weereens neem Marta die inisiatief en lewer oënskynlik 'n geloofsbelydenis. Moloney (2003:513) stel dat Jesus se reaksie op Marta se verklaring 'n selfopenbaring is. Hy draai dan na Marta met hierdie woorde: "Glo jy dit?"

Marta reageer nie op Jesus se vráág nie. Haar reaksie moet volgens Moloney nie gesien word as 'n geloofsbelydenis nie. Volgens die Engelse vertaling: "the Christ, the Son of God, he who is coming into the world", met die vreemde gebruik van die *perfect tense* in die Grieks, lyk dit eerder asof Marta, volgens die Joodse Messiaanse verwagting, die koms van die Messias nog in die toekoms stel. Dit verklaar moontlik ook haar gebruik van die woord *leermeester* as sy Jesus aanspreek of na Hom verwys. Moloney (2003:514-515) verklaar dié vers soos volg: "Martha gets it wrong each time she articulates her beliefs: in Jesus as a God-directed miracle worker (11:21-22), in the resurrection at the end of time as the explantion of Jesus' promise that Lazarus would rise (11:24), and in a confession that reflects Jewish messianic expectation (11:27)."

Wanneer Marta by die graf, duidelik ontsteld uitroep: "Here hy ruik al …" , bewys sy weereens dat haar "geloofsbelydenis" in vers 22 en 27 nie eg is nie. Moloney (2003:520) beweer: "This is hardly what one would expect from someone who believes that Jesus is the resurrection and the life."

> Ek wonder of hierdie Marta-Marieta dit ook verkeerd het. Terwyl ek nog wonder, sê sy: 'Ek kan ook verkeerd wees, "ons ken maar net ten dele". Soms is ek Marta en praat maar net geloofswoorde na – soos vandag.' Ek wys haar op die honderde mense wie se lewens sy aangeraak het, hulle wat daagliks kom kuier, hulle wat van oorsee af skakel om te hoor hoe dit gaan, hulle wat selfs van Botswana af vir haar blomme stuur. As 'n broerskind bid oor die heerlikheid na die dood, dan onderbreek sy hom en sê: 'Maar ek gaan lewe ...' Na die tyd verklaar hy dat die Here hom 'n nuwe les geleer het: 'Bid vir die lewe.' Of, het sy bedoel, Lewe? Was sy op daardie oomblik weer Maria?

Dit lyk asof Maria die enigste persoon is wat waarlik "groei". Sy wys dat sy met volle oorgawe glo, en verstaan, ook dat Hy moet sterf. Sy val voor Jesus se voete neer (Joh. 11:32) en salf later sy voete (Joh. 12:1-11) in voorbereiding "vir My begrafnis" (Joh. 12:7). Tog huil sy by die graf saam met die Jode – eintlik "ween"; 'n harde gehuil. Die rigting van die narratief verander skerp as Jesus Maria saam met die Jode sien huil. Maria kon ook nie bokant menslike pyn en hartseer uitstyg nie – al verstaan sy moontlik meer as Marta (Moloney, 2003:517-518).

> 'n Tydstip waarin Marieta steeds met pyn en aftakelende moegheid sukkel, sê sy: 'Ek is so moeg en moedeloos. Ek is vandag Marta. Help my net Here om weer te kan glo.' Met die volgende woorde is die moedeloosheid verlig: 'Weet jy wat kry ek vanoggend toe ek wakker word? Fillipense 4:4: "Verbly jou in die Here," is dit nie wonderlik nie?' Sy vervolg: 'Gisteraand het ek in my siekwees 'n Xhosavrou na die Here gelei.' Die volgende aand was dit die beurt van 'n Sothovrou wat sy ook na die Here toe lei: 'Sy het so gehuil toe sy haar sondes bely,' vertel Marieta. 'Ek is die Here so dankbaar dat ek hier was om aan haar die Lewe te wys!' Die Here was deur sy Gees daar om Maria-Marieta te lei om haar alternatiewe verhaal te skryf.

Die Jode wat saam met Maria by Jesus aangekom het, kan in twee groepe onderskei word: dié groep wat wel tot geloof kom (Joh. 11:45), en 'n ander groep wat slegs in Jesus as die *miracle worker* glo (Moloney, 2003:512). Dan is daar ook dié wat saam met Maria huil oor Lasarus. Laasgenoemde groep bring nog verdere verwarring deur te wonder: "Kon hy wat die oë van die blinde man genees het, nie ook gemaak het dat hierdie man nie sterwe nie?" Nog 'n groep Jode word eerder deur die wonderwerk gemotiveer om Jesus te gaan aankla (Joh. 11:46) en het daarmee Sy kruisiging aangevuur.

> Gert en Marieta is onder andere na Duitsland voor haar tweede diagnose. Daar het hulle die begraafplaas besoek van Duitse Jode wat in die Tweede Wêreldoorlog gesterf het. Hulle bid saam vir Jode wat nog nie Christus as Verlosser aangeneem het nie. Marieta vertel agterna dat sy daar weer so duidelik haar visioen beleef het.
>
> Met hierdie vertelling het die reaksies van die Jode in Johannes 11 'n diep gesprek uitgelok. Marieta het haar gevoelens weereens gestuur in die rigting van haar roeping, om 'volkere en tale' vir Christus te wen. 'As ek dan nou moet doodgaan, voel al die kennis om Sy Woord so goed te ken, en die heling van my gees met hierdie siekte tevergeefs.'

> Lydendes kan in verwarring so normaal-menslik optree deur te worstel met die sin van alles. ’n Begeleier kan as metode van hantering vanuit lyding meganismes of beginsels te probeer aflei vanuit lyding sodat hoop weer ankering vind. Paulus (Rom. 8) help met sodanige beginsels (Labuscagne, 2005) deur te stel: “The solution is Life on God’s terms” (*The Message, Remix*). Labuscagne (2005), Van den Berg (2005) en Janse van Rensburg (1996:152) verwys na beginsels waarvan die belangrikste is: verlossing is ook om te kan sien dat God ons *antwoord* word.

## 6. Verlede- en hedeverhaal versmelt

Versmelting beteken dat die verlede-, hede- en toekomsverhaal ’n versmelting met God se verbondsverhaal toon. Die verhaal van Lasarus versmelt simbolies met ons eie verhale. Vir Louw (1998:26) beteken ’n versmelting dat lewensverhale georden word en voorkom dat gebeure uitrafel en sinloos raak. Lester (1995:40) se omskrywing het betrekking: “Every sacred story includes not only a past but a future that empowers life in the present.”

Jesus se beplanning en tydsberekening is perfek. Hy het “getalm” (Joh. 11:5) en aangekom toe Lasarus al vier dae in die graf was. Die Romeine het geglo dat ’n mens wat sterf se gees nog vir twee dae ná die dood rondswerf. Na die vierde dag sou daar dus geen kans wees dat dié opwekkingswonder as onwaar bestempel kon word nie.

> Vir my as begeleier het dit gelyk asof die Here talm om vir Marieta te kom haal. Haar lyding was te veel vir die omstanders. Sy was egter seker: ‘Die Here se eerste vraag aan my was of ek wíl leef. Ek het geantwoord, “Ja Here”. Die tweede en derde was eintlik fases wat die Here vir my gewys het ek gáán leef en ek móét leef.’ Ons het hieroor gesels en die toekomsverhaal saam geskryf. Die Here wil dat sy deur hierdie lyding moet gaan. Of sy fisies heeltemal gesond gaan word, weet ons nie. Tog weet sy, sy moet hierdeur. Die gáán en móét leef is waarskynlik vir die lewe nou, maar net so waarskynlik vir die Lewe hierna.
>
> Payne (2004:97) skryf: ‘We must have an imaginative grasp of Christianity – that is, a heart and imagination baptized in symbolic truth, a deep knowledge of all reality as incarnational.’
>
> ’n Beperkte (tyds-)visie van ’n begeleier verander in berusting deur gebed. God weet wanneer die lydende mens se liggaamlike worsteling en geestelike voorbereiding volmaak pas op ’n oorbeweeg na ’n Lewe hierna.

Dit lyk asof die dissipels glad nie Jesus se reaksie verstaan om terug te keer na Judea nie. Hulle wil Hom selfs terughou. Jesus se gesprek met hulle verwys na twee reistemas: die eerste na Judea, die reis wat sal lei na Jesus se dood en die tweede is die reis na Lasarus om hom uit die dood op te wek (Snackenburg, 1980:324).

In Johannes 11:11 wys Jesus hulle daarop dat Lasarus dood is, maar versag dit met "slaap". Met ander woorde, al is Lasarus nou dood ('n liggaamlike dood), verander dit niks aan Jesus se *agapé* vir ons en die verstaan dat dood eintlik nuwe Lewe beteken nie (Phillips, 1989:211).

Die dissipels probeer weereens om Jesus te keer – vergelyk hulle reaksie dat dit goed is as hy slaap, want dan sal hy gou gesond word (Phillips, 1989:211). Moontlik het hulle gedink aan die offisier se seun (Joh. 4:43-54), wat Jesus slegs deur 'n woord gesond gemaak het. Jesus korrigeer hulle en sê reguit dat Lasarus dood is. Hy bevestig daarmee dat dit juis goed is, omdat hulle daardeur (verwysend na sy wonderwerk) in Hom sal glo. Moloney (2003:512) wys daarop dat die *issue of belief* die verdere dryfkrag in dié verhaal (narratief) se retoriek is.

Tomas (Joh. 11:16) haak vas by die gevaar van die terugkeer na Juda en erken dat hy bereid is om saam met Jesus te sterf. Moloney (2003:512) stel: "Thomas has missed the point completely", en so-ook ander Skrifverklaarders wat vers 16 beskou as die fundamentele Bybelse teks om te illustreer wat ware Christendissipelskap beteken. Dit neem egter nie die feit weg dat God wél van 'n mens kan verwag om sy/haar lewe vir Hom op te offer nie.

> Marieta verklaar dat sy bereid is om vir Jesus te ly. Sy bid nie vir genesing nie, maar vir die verheerliking van sy Naam. Wanneer ek vra waarvoor ek vir haar moet bid, sê sy: 'Vir die onvolkome gevoel, die gevoel van "ek kan nie", want ek weet mos ek kan. Fillipense 4:13 sê dit dan vir my!'
>
> Die begeleier is veronderstel om die pasiënt met bemoedigende woorde by te staan. Ek het by Marieta se bed gevoel soos die dissipels. Ek wou keer dat sy nie onrealistiese hoop moet hê nie. Ek wou keer dat haar siekte en lyding onnodig lank uitgerek word. Ek het met tye só geïdentifiseer met haar lyding dat ek gebid het: 'Here, neem haar asseblief maar na U toe!' Ek het met haar gepraat oor hoe wonderlik die lewe by Hom sal wees, tog wou die altyd bekende beelde uit Openbaring nie gestalte

> aanneem nie. Al wat ek dan kon bid was: 'Neem haar in beskerming o God, sy soek skuiling by U' (Ps. 16).
>
> God se vrede het egter oor my en Marieta gekom in die wete, dat dit op hierdie punt van uiterste lyding is dat ons verhale en God se verhaal versmelt. Nie dat ons ooit Christus se lyding en ons lyding gelyk kan stel nie, maar dat ons intuïtief weet: ons deel in die lyding van die Volmaakte. Ons wat *azazel* moes wees het slegs 'n 'kort tydjie' aan hierdie droefenis, sodat die 'egtheid van [ons] geloof' getoets kan word (1 Pet. 1:6-7).

Die hoogtepunt van Johannes se narratief is die wonderwerk. Van der Meulen (2004:76) noem dit die keerpunt in die verhaal, die "kritisch moment in het werk van de Geest". Hier vind die ontknoping en ook die werklike ontsluiting van hoop plaas.

Johannes skets eers Jesus se emosies: Jesus se empatiese meelewing met Maria (Joh. 11:33-35) en daarna ook sy frustrasie in vers 38, omdat sy oproep van geloof in Hom, misluk het (Moloney, 2003:519; Joh. 11:4, 15, 23, 25-26). Selfs nie eens die dissipels verstaan wat Hy móét doen en waarom Hy dit doen nie.

Phillips (1989:215) verduidelik dat die Griekse woord vir huil ten opsigte van Maria en die Jode, nie dieselfde is as dié vir Jesus is nie. In die geval van Maria en die Jode beteken die woord om hardop te huil, asof daar geen hoop is nie. In vers 33b beteken die Griekse woord *embrimaomai:* "He groaned in the spirit and was troubled" wat ook oorgeskryf kan word as "to be deeply agitated". Johannes skryf in 11:35: "Jesus het gehuil", hier is die Griekse woord *dakruo,* wat beteken "strong crying and tears" van die Seun van God. Hierdie moment bied verder 'n unieke uitkoms, wat verantwoordelik is vir die verandering van die siening van sommige Jode.

Moloney (2003:519) stel Jesus se *embrimaomai* en *dakruo* nog sterker: "Jesus, the resurrection and the life, is angered, deeply moved ... as all his attempts to lead his disciples, Martha and Mary into a true understanding of life and death meet failure ... He is being understood only in accord with the exchanges of worldly love, or merely as a performer of signs and a worker of cures in a world still dominated by death." Phillips (1989:215) vat saam deur te sê: "He could see what they could not see." Met ander woorde, Hy is nie net bedroef vir die oomblik nie, maar ook vir hulle (ons) wat nog gaan ly.

> 'Ek is ook maar net 'n mens,' verklaar Marieta. 'My siening is beperk. Ek sien maar in 'n spieël, 'n raaisel. Maar ek weet

> verseker, eendag, van aangesig tot aangesig!' 'Wat ek weet is dat God in beheer is. Sy teenwoordigheid by my, verseker my daarvan.' Die erkenning van haar eie beperkings en God se alwetendheid bring by my ook dié vrede: 'Hy sien wat ek nie kan nie.'

Maar dan lei Johannes ons oog na die graf waar Jesus die opdrag gee dat die klip weggerol moet word (Joh. 11:38). Jesus se moedeloosheid en ongeduld is steeds in sy stem as Hy Marta berispe omdat sy wil keer dat die klip weggeneem word, vanweë die reuk: "Het Ek nie vir jou gesê as jy glo ..." Dit is Christus se helende teenwoordigheid (Payne, 2004:81) wat deurbreek as die metaforiese klip ook voor ons weggerol word.

Moloney (2003:520) bespeur dieselfde "aggressie" by Jesus met die wegrol van die klip, as toe Hy hulle gevra het om Hom te wys waar die graf is. Die vraag ontstaan of hierdie "aggressie" moontlik moedeloosheid was in die omstanders se "trae geloofsaksie", of eerder moedeloosheid oor die ongeloof van die totale menslike geslag? Dan rol hulle die klip weg en Jesus kyk op, bid en roep daarna hardop na Lasarus.

Jesus het nie nodig om vir die wonderwerk te vra nie, tog doen Hy dit want, "there is a dire need for the gift of belief" by die omstanders (Moloney, 2003:521). Jesus verander sommige Jode se verhaal van 'n verering van die *miracle worker* na geloof in Hom, van Marta se verering van die leermeester na geloof in Hom; van Maria se droefenis tot geloof in Hom; van die dissipels se vrees tot geloof in Hom. Selfs die leser se verhaal verander na geloof en 'n deurkyk deur die graf heen tot die opstanding en die Lewe. En selfs, asof dit nie al genoeg is nie, word die leser genoop om verder te lees: Was daar nog bekeerlinge? Johannes 12:1-7 voltooi hierdie verhaal met die hoogtepunt: die geloofsdaad van Maria.

Op Dinsdag 25 Oktober laat weet die Onkoloog dat Marieta se naaste familie in kennis gestel moet word dat hulle hospitaal toe moet kom om haar te groet. Ek kon haar eers die Saterdagoggend besoek. Sy vertel deur trane, gebroke sinne (vanweë totale uitputting), dat die Here 'n wonderwerk in haar lewe laat gebeur het. Sy weet niks van die vier dae sedert Dinsdag nie. Soos na Lasarus se vier dae, is sy terug. In die verloop van die volgende week hoor ek elke dag 'n stukkie wonderwerk.

Dinsdagoggend 2 November lê daar wit kouse, wat gebruik word om bloedklonte in die bene te verhoed, op die bed. "Soos wat lyk dit vir

jou?" vra sy vir my. "Doeke," help sy "soos Lasarus het hulle hierdie doeke Vrydag van my afgetrek. Die kouse is Donderdag vir my aangetrek. Vrydag het hulle dit met skok agtergekom en dit afgetrek. Ek, Marta Maria was vier dae nie hier nie. Ek is terug. Die Here het die Lasarus-wonderwerk vir sy verheerliking weer laat gebeur. Prys die Naam van die Here!"

Marita is 11 November uit die hospitaal ontslaan. 'n Verpleegster sal haar tuis versorg. Van 11 November tot 8 Desember beleef ek saam met haar golf op golf van dán beter wees en dán swakker wees. Telkens bid sy "Here laat ek bewus wees van alles om my, al gebeur wat ook al." Op 8 Desember vra sy: "Hoe kan ek hierdie siekte langer verduur? Is ander kankerpasiënte ook so seker dat hulle gaan lewe?" Ek vertel dat elke mens uniek is en uniek reageer. Ons gesels oor Sy teenwoordigheid, haar geestelike heling en die betekenis van lewe en Lewe. Sal ons werklik verstaan wat "lewe" beteken? Moeg antwoord sy: "Dan is die boodskap uit Openbaring 3:8 en 10 nou vir mý waar. Ek was nie bang om vir Hom te ly nie. Laat Sy wil geskied."

Na 'n dringende gebed die oggend van 11 Desember dat God die uitkoms moet bring, het Marieta laatmiddag die deurgang na die Lewe verkry – sy sterf soos sy gelewe het: in die Here se arms.

## 7. Die toekomsverhaal

Vir Lasarus, Maria, Marta en die Jode is die toekomsverhaal Christus se kruisiging en die hoogtepunt: *Christos anesté! Aléthos anesté!*

> 'n Tyd verloop voordat ek en Gert gesels oor ons almal se vashou aan die 'wonderwerk' – net soos die Jode, Marta, Maria en die dissipels aan Jesus se wonderwerk(e) gekleef het. Vir mense is dit so moeilik om deur te sien na God se verbondsbeloftes, sy verhaal en die versmelting van ons verhale met 'Die Verhaal'.
>
> Ons dink terug aan Marieta se laaste visioen. Sy het kort voor haar dood so opgewonde vertel dat sy nou die laaste belewing gehad het van haar visioen, die voleinding. Sy het gesien dat hulle weer by die grafte staan van die Jode. Sy sien hoe die grafte oopgaan en een na die ander styg op, hemel toe, na die Here toe.
>
> Sal ons opstanding, wees soos dié van Lasarus? Of, is dit hoe ons almal eendag sal opstaan-'opvaar' uit die graf?

Die samesmelting van verhale is vir ons 'n raaisel, soos Totius se "verstrikking in die doringbos". Die sleutel is en bly Christus.

## 8. Perspektiewe

- Ons Leidsman het sy lydingsverhaal voltooi sodat ons lydingsverhaal in sy verhaal kan versmelt – 'n verhaal met uitsig op die Lewe.
- 'n Lydende pasiënt voltooi sy/haar lydingsverhaal op aarde te midde van 'n kontinue oorgang tussen lewe en Lewe.
- Die begeleier kan slegs onder leiding van die Begeleier 'n instrument wees tot die versmelting van die mens se verhaal met God se verhaal. Goddelike insig breek alleen op hierdie wyse by die pasiënt deur.
- Die begeleier se betrokkenheid is grootliks nie-direktief van aard en hy/sy is nie daar as 'n sogenaamde teregwyser vir teologies-"verkeerde" insigte van die pasiënt nie.
- Die bystand van die begeleier is onder andere om geleenthede vir groei vir die pasiënt te fasiliteer en biddend saam na die Gees te luister.
- Elke mens het 'n unieke verhaal, unieke uitkomste en unieke wyses van aanvaarding en belewing van sin en heling. Hierdie waarheid maak patroondenke by die begeleier onmoontlik.
- Die klip voor die graf van ons "lewensgevangenskap" (droefenis, lyding en pyn) moet weggerol word, sodat ons die helende teenwoordigheid van en Lewe by God kan ervaar.

## 9. Slotgebed

"Vader, Seun en Heilige Gees, ons ken ten dele, maar leef in die belofte van U volheid – nou en hierna!"

### Geraadpleegde bronne

BOTHA, J.E. 1991. Jesus & the Samaritan woman: a speech act reading of John 4:1-42. Leiden: Brill.

GERKIN, C.V. 1991. Prophetic pastoral practice: a Christian vision of life together. Nashville: Abingdon.

GRIFFITH, J.L. & GRIFFITH, M.E. 2002. Encountering the sacred in psychotherapy: how to talk with people about their spiritual lives. New York: Guilford.

GROOPMAN, J. 2004. God at the bedside. *Saturday evening Post,* 276(4):62-64.
HEITINK, G. 1977. Pastoraat als hulpverlening. Kampen: Kok.
JANSE VAN RENSBURG, J. 1996. Verbond en pastoraat. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* 37(1):152-165.
LABUSCAGNE, G.J.J. 2005. Preek: Johannes 11. (Uit die outeur se preekversameling: 3 Julie.) (Ongepubliseerd.)
LABUSCAGNE, G.J.J. 2006. Gebeds-terapie & mentorskap. Seminaar: 17 en 18 Maart, Bloemfontein.
LESTER, A.D. 1995. Hope in pastoral care and counseling. Kentucky: John Knox.
LOUW, D.J. 1998. A pastoral hermeneutics of care and encounter: a theological design for a basic theory, anthropology, method and therapy. Wellington: Lux Verbi.BM.
MOLONEY, F.J. 2003. Can everyone be wrong? A reading of John 11.1-12.8. *New Testament Studies,* 49:505-527.
MÜLLER, J. 1996. Pastorale gesinsterapie: om tot verhaal te kom. Pretoria: RGN.
MÜLLER, J. 2001. Preekstudie: Johannes 11:1-45. (*In* Nell, I, Meyer, O. & Botha, J., *reds*. Preekstudies met liturgiese voorstelle gebaseer op die leesrooster vir lidmate. Bloemfontein: CLF-Drukkers. p. 113-116.)
PARRY, A. & DOAN, R.E. 1994. Story re-visions: narrative therapy in the postmodern world. New York: The Guilford Press.
PAYNE, L. 2004. The healing presence: curing the soul through union with Christ. Grand Rapids: Hamewith.
PHILLIPS, J. 1989. Exploring the gospels: John. New Jersey: Loizeaux.
REBEL, J.J. 1981. Pastoraat in pneumatologisch perspectief: een theologische verantwoording vanuit het denken van A.A. Ruler. Kampen: Kok.
SCHNACKENBURG, R. 1980. The gospel according to St. John. Volume Two: Commentary on chapters 5-12. London: Burns & Oates.
SMITH, E. 2000. Genuine recovery: moving beyond tolerable existence into genuine inner healing. Kentucky: Alathia.
VAN DEN BERG, J-A. 1998. Metaforiese pastorale gesinsterapie. Pretoria: UP. (D.Th.-proefskrif.)
VAN DEN BERG, J-A. 2005. Preek: Psalm 1. (Uit outeur se preekversameling: 21 Augustus.) (Ongepubliseerd.)
VAN DER MEULEN, H.C. 2004. De pastor als reisgenoot: pastoraal teologische gedachten over geestelijke begeleiding. Zoetermeer: Boekencentrum.
VELTKAMP, H.J. 1988. Pastoraat als gelijkenis: de gelijkenis als model voor pastoraal handelen. Kampen: Kok.
WHITE, M. & EPSTON, D. 1990. Narrative means to therapeutic ends. New York: Norton.
YANCEY, P. 1990. Where is God when it hurts? Grand Rapids: Zondervan.
ZUIDEEST, P. 1985. People live on symbols. *The Journal of Pastoral Care,* 39(4):328-340.

## Kernbegrippe:

begeleiding
helende teenwoordigheid
narratiewe terapie

**Key concepts:**

guiding
healing presence
narrative therapy